Volume 8 | Uitgawe 3
Augustus 2018

# SIZA Nuus

SUSTAINABLE AGRICULTURE IN SOUTH AFRICA







## IN HIERDIE UITGAWE


| | Bl. |
|---|---|
| SIZA Beweeg na Omgewingsvolhoubaarheid | 1 |
| Nuwe aanstellings by die SIZA kantoor | 2 |
| ‘n Nalatenskap vir Nieuwe Sion plaaswerkers | 3 |
| KVBA Arbeidsmakelary Beslissing bevestig deur Konstitusionele Hof | 3 |
| Moderne Slawerny (Dwangarbeid) | 4 |


## SIZA BEWEEG NA OMGEWINGSVOLHOUBAARHEID

SIZA is bekend vir sy omvattende sosiale standaard wat die verbetering van regverdige en etiese handel op Suid-Afrikaanse plase dryf.

As deel van sy langtermyn visie, het SIZA onlangs ‘n eie Omgewing Standaard ontwikkel. Die Standaard is daarop gemik om die Suid Afrikaanse vrugtebedryf te ondersteun met ‘n omvattende verifiërings- en rapporteringstegniek teen volhoubaarheidskriteria wat spesifiek van toepassing is op boerdery aktiwiteite in die Suid Afrikaanse konteks.

SIZA is tans besig om prosesse te implementeer om plase teen hierdie Omgewing Standaard te verifieer. Verifikasie sal op die volgende twee verskillende, maar komplementêre, maniere gedoen word:

- 'n 2de party verifikasie waar 'n statistiese beduidende steekproef van plase deur ‘n SIZA interne omgewing spesialis besoek sal word om hul Omgewing Self-Assesseringsvraelys (Environmental SAQ) te verifieer.
- 'n 3de party verifikasie waar sekere plase besoek sal word om hul Omgewing Self-Assesseringsvraelys te verifieer deur 'n onafhanklike derdeparty ouditeur.

Die tweede-party verifikasie sal gegrond word op 'n 25% steekproef grootte. Hierdie steekproef sal gegenereer word uit die jaarlikse goedgekeurde Omgewing Self-Assesseringsvraelyste (Environmental SAQs) en sal verseker dat elke produsent/pakhuis ten minste een keer gedurende 'n 3 tot 4-jaar siklus besoek sal word.

SIZA se interne omgewing spesialis(te), sal hierdie plase besoek om die Omgewing Self-Assesseringsvraelys se data en stawende dokumente op die perseel na te gaan. Hulle sal ook die plaas bystaan met tegniese ondersteuning en advies rondom omgewings-aangeleenthede wat dan deurlopende verbetering sal bewerkstellig.

Nadat die 2de party verifikasie afgehandel is, sal 'n langtermyn-omgewingsverbeteringsplan en 'n SAQ-bevestigingsbrief uitgereik word. Hierdie proses sal geen direkte koste vir die produsent inhou nie, aangesien dit in die jaarlikse lidmaatskapfooie vervat sal wees.

Derde-party verifikasie kan uitgevoer word deur 'n SIZA erkende oudit maatskappy na aanleiding van 'n SIZA lid se versoek of op mark aanvraag. Hierdie oudit sal die vorm van 'n gekombineerde oudit aanneem waartydens die SIZA Omgewing Standaard terselfdertyd as 'n ander standaard, soos byvoorbeeld die Global G.A.P voedselveiligheid standaard, sal plaasvind. Hierdie werkswyse sal nie alleen net duplisering verhoed nie maar ook tyd en geld vir produsente spaar.

Daar sal twee afsonderlike ouditverslae uit die gekombineerde oudit saamgestel word, elk met sy eie Korrektiewe Aksie Plan verslag. In hierdie verslag word die regstellende aksies beskryf, asook tydsraamwerke gegee waarbinne regstellings moet geskied. Vir die SIZA Omgewingsmodule sal regstellende aksies aanlyn ingedien word en sodra dit goedgekeur is, sal 'n SIZA Omgewing oudit voltooiings brief uitgereik word. Die frekwensie van die 3de party oudit sal gegrond wees op produsente se risiko-gradering (bv. met 'n Brons gradering word jaarlikse oudits vereis, Silwer - elke 2de jaar en Goud & Platinum word elke 3 tot 4 jaar geoudit).

SIZA is dankbaar teenoor verskeie kundiges wat hul tyd en kennis vryelik beskikbaar gestel het om te help met die samestelling van die omgewingsprogram. Ons is opgewonde oor die verifikasie van die eerste plase en om hul sertifikate in Maart 2019 op die SIZA platform te laai. SIZA is trots daarop om nou 'n volledige voorsieningsketting volhoubaarheid standaard aan deelhebbers te bied wat gelykstaande is aan die beste in die wêreld.

Shelly Fuller van WWF Suid-Afrika het onlangs die volgende opmerking gemaak: "Ons ondersteun die SIZA-program ten volle en is baie opgewonde om deel te wees van die ontwikkeling van hierdie komplimentêre verifikasie model waar daar advies in samewerking met 'n verifikasieproses aangebied gaan word. Die proses sal dus nie net oor die kontrolering van data gaan nie, maar sal leiding rondom areas vir verbetering en erkenning van positiewe prestasie insluit. Dit sal ook betekenisvolle langtermyn voordele vir die hele voedselvoorsieningsketting inhou. Wel gedaan SIZA!"

Kontak asseblief die volgende SIZA personeellede indien daar enige onduidelikheid is, of indien verdere inligting verlang word: Henko Vlok: henko@siza.co.za (Omgewing Spesialis); Retha Louw retha@siza.co.za (Hoof Uitvoerende Beampte); Tom McLaughlin tom@siza.co.za (Verenigde Koninkryk skakelpersoon).

## NUWE AANSTELLINGS BY DIE SIZA KANTOOR

Dit is vir ons aangenaam om die volgende twee personeellede by SIZA te verwelkom:

### Werner Van Dyk



Aangesien etiese oudits die basis van etiese handel vorm, is dit belangrik om te verstaan hoe die ouditproses werk en dat hulp en ondersteuning rondom hierdie proses op alle vlakke aangebied word.

As Etiese Spesialis sal Werner verantwoordelik wees vir die oorsig en deurlopende verbetering van die ouditproses. Deur middel van interaksie met alle belanghebbendes in sy portefeulje sal hy ook sosiale en etiese nakoming in die bedryf verseker.

Werner is 'n jong, dinamiese en gedrewe persoon met 'n passie vir landbou en etiese praktyke. Sy regs- en sielkunde agtergrond maak hom die ideale kandidaat vir die posisie, terwyl sy grootword jare op 'n plaas in die Noord-Kaap sy passie vir die bedryf help vorm het. Hy ry graag perd op plase in die omgewing en spandeer graag tyd saam met sy familie en vriende.

### Surina Spangenberg



Surina Spangenberg is onlangs aangestel as Operasionele Bestuurder by die SIZA-kantoor.

Met 'n sterk agtergrond in kantooradministrasie en personeelbestuur fokus sy op die daaglikse bedryfsaktiwiteite ten einde deurlopende en doeltreffende dienslewering te verseker. Surina is 'n lojale, goed georganiseerde en effektiewe persoon wat daarna strewe om vordering te meet deur prioritisering . Haar akkuraatheid, ywer en harde werk is lofwaardig.

Surina is getroud en het 'n dogter van 14 jaar. In haar vrye tyd spandeer sy graag kwaliteit tyd saam met haar gesin en beoefen kreatiewe stokperdjies soos mosaïek en blommerangskikking.

*SIZA verwelkom Werner en Surina as deel van die span en glo dat hulle sal bydra tot die sukses van die maatskappy.*

## NALATENSKAP VIR NIEUWE SION PLAASWERKERS

Een van SIZA se lede en eienaars van die tafeldruif en sagte sitrus plaas, Nieuwe Sion, wil graag deur middel van eiendomsbesit toegang vir hul werkers tot die hoofstroom-ekonomie gee.

Toe Dawid en Elaine Potter die plaas Nieuwe Sion naby Simondium in die Wes-Kaap gekoop het, het die paartjie wat in Engeland woon, besluit om 'n omgewing te skep wat hul werkers in ‘n beter posisie sal laat as toe hulle op die plaas begin werk het.

Etiese handel, soos vir baie ander produsente in die land, is egter meer as 'n wetlike verantwoordelikheid vir die egpaar.

Hul visie om hul werkers te bemagtig weeg swaarder as net die betaling van goeie lone en die skepping van 'n veilige en werker-vriendelike produksie-omgewing.

Die Potters se uiteindelike doelwit is om werkers en hul gesinne, veral hul kinders, te help om minder afhanklik van die plaas te wees vir hul finansiële welsyn.



Die Potters het 3,5 ha grond wat aan hulle plaas grens gekoop en onlangs 'n behuisingsprojek van R30 miljoen daarop voltooi. Die projek sal behuising bied aan 140 persone, in die vorm van 22, twee tot drie slaapkamer huise, wat wissel tussen 60 en 70 vierkante meter, sowel as 8 geboue met enkelkwartiere vir afgetrede werkers.

Die landgoed sal so selfonderhoudend en omgewingsvriendelik as moontlik wees.

Daar sal ook 'n crèche- en nasorgfasiliteit vir die werkers se kinders, 'n gemeenskapsentrum en ‘n sportveld wees.









## KVBA SE ARBEIDSMAKELARY BESLISSING BEVESTIG DEUR DIE KONSTITUSIONELE HOF

*(SIZA bedank graag vir Johan Hopkins van Die Kaap Agri Werkgewersorganisasie vir hierdie bydrae.)*

Aan die einde van verlede maand het die Kommissie vir Versoening Bemiddeling en Arbitrasie ‘n kommunikasie gesirkuleer wat bevestig dat sy arbeidsmakelary beslissing deur die Konstitusionele Hof bevestig is. Hier onder volg 'n uittreksel uit die verklaring:

*“The Commission for Conciliation, Mediation and Arbitration (CCMA) is proud to announce that on 26 July 2018, at 10h00, history was made in that the Constitutional Court confirmed the CCMA’s ruling on the sole employer interpretation.*

*The case concerned the interpretation of Section 198A(3)(b) of the Labour Relations Act 66 of 1995 (LRA) and whether this deeming provision resulted in a “sole employment” relationship between a placed worker and a client or a “dual employment” relationship between a Temporary Employment Service (TES), a placed worker and a client. The Labour Appeals Court (LAC) set aside the order of the Labour Court (LC) and held that a placed worker who has worked for a period in excess of three months is no longer performing a temporary service and the client, as opposed to the TES, becomes the sole employer of the worker by virtue of section 198A(3)(b) of the LRA.*



*In 2015, Assign Services, a TES, placed 22 workers with Krost Shelving and Racking (Pty) Limited (Krost), a number of whom were Members of the National Union of Metalworkers of South Africa (NUMSA). The placed workers provided services to Krost for a period exceeding three (3) months and on a full time basis. Assign Services’ view was that Section 198A(3)(b) created a dual employer relationship, while NUMSA contended that a sole employer relationship resulted from the section. The CCMA supported NUMSA’s sole employer interpretation and ruled in its favour.*

*In the LC, it was held that a proper reading of the Section could not support the sole employer interpretation. It instead held that Section 198A(3)(b) created a dual employment relationship, in which both the TES and the client have rights and obligations in respect of the workers. In an appeal, by NUMSA, to the LAC it was found that the sole employer interpretation best protected the rights of placed workers and promoted the purpose of the LRA.*

*The Constitutional Court, in its majority judgement held that the purpose of Section 198A must be contextualised within the right to fair labour practices in section 23 of the Constitution and the purpose of the LRA as a whole. The majority found that, on an interpretation of Sections 198(2) and 198A(3)(b), for the first three (3) months the TES is the employer and then subsequent to that time lapse the client becomes the sole employer. The majority found that the language used by the legislature in section 198A(3)(b) of the LRA is plain and that when the language is interpreted in the context, it supports the sole employer interpretation. In the result, the Constitutional Court granted leave to appeal but dismissed the appeal with costs.”*


*Daar is nog steeds 'n aantal onsekerhede wat aangespreek moet word. SIZA sal lede op hoogte hou van enige verwikkelinge soos nuwe inligting beskikbaar word. (Vir meer inligting, stuur asb ‘n epos na* caeo@maxitec.co.za).

## MODERNE SLAWERNY (DWANGARBEID)

Volgens statistieke is daar wêreldwyd sowat 24,9 miljoen mense wat hulle in dwangarbeid situasies bevind. Dwangarbeid word as volg omskryf: *"Alle werk of diens wat van enige persoon geëis word onder die dreigement van enige boete en waarvoor die genoemde persoon homself nie vrywillig aangebied het nie."*

Dwangarbeid word beoefen deur individue en groepe wat op kwesbare, weerlose mense fokus en hulle uitbuit deur 'n verskeidenheid metodes te gebruik om hulle te beheer. Die mees kwesbare groepe wat aan moderne slawerny blootgestel word, sluit in seisoenale of tydelike werkers, trekarbeiders en werkers wat deur derdeparty indiensnemingsdienste gewerf is.

Landbou word beskou as 'n hoë-risiko sektor vir moderne slawerny. Dit is hoofsaaklik te wyte aan die seisoenale aard daarvan, wat beteken dat produsente staatmaak op arbeid wat kwesbaar is vir uitbuiting (dit wil sê seisoenale en trekarbeiders), sowel as arbeid wat deur tydelike indiensnemingsdienste gereël word. Dit is belangrik dat produsente ingelig en toegerus sal wees om dwangarbeid te voorkom en die risiko vir hulle besigheids- en voorsieningsketting te verminder.




*Bron: Modern Slavery Police Transformation Unit, Verenigde Koninkryk.*

SIZA is deel van Stronger Together South Afrika, 'n vennootskap program wat ontwerp is om die Suid-Afrikaanse vrugte- en wynprodusente te help om dwangarbeid te verstaan en aan te pak deur:

- Gratis 1-dag interaktiewe opleidingswerkswinkels
- 'n Verskeidenheid gefokusde en praktiese hulpbronne.

Besoek gerus die volgende webwerf vir meer inligting of as jy wil registreer vir 'n opleidingskursus: https://www.stronger2gether.org/za/ of stuur 'n epos aan: Infoza@stronger2gether.org